Lent Oordenking
14 Maart 2018

Hindernisse in ons verhouding met God.

"Toe vra hulle vir Hom: "En waar is die vader van jou?" Jesus het geantwoord: '*Julle ken My nie en ook nie my Vader nie. As julle My geken het, sou julle my Vader ook geken het.*'" (Johannes 8:19)

Wat of wie verhinder jou verhouding met God die Vader, Seun en Heilige Gees?

Die Fariseërs was verhinder om vir God te ken, want die Wet en hulle eie self geregtigheid was meer belangrik as 'n verhouding met God. Hulle het die Wet aanbid en nie die Wetgewer nie! Hulle was so vasgevang in hulle eie self geregtigheid dat hulle nie besef het dat hulle met die Seun van God, inderdaad met God Homself gepraat het nie. Jesus Christus was God in die vlees – God wie saam met ons gewoon het. Hulle onkunde het hulle weggelei van die kennis van God en 'n wonderlike verhouding met God sie Vader, Seun en Heilige Gees.

Vandag, moet ons versigtig wees van die hindernisse wat 'n verbreking kan veroorsaak in onse verhouding met God die Vader, Seun en Heilige Gees. Dit mag nie die Wet van God wees nie, maar dit mag ander vorme van afgodery wees. Afgodery is wanneer ons iemand of ander goed voor God sit. Dit mag geld, materiële dinge, of 'n persoon wees.

Die Lyden-seisoen gee ons 'n geleentheid om te bekeer van daardie dinge wat 'n hindernis is in ons verhouding met God. Bekeer, draai weg van die hindernisse, en werk op 'n sterker en beter verhouding met God die Vader, Seun en Heilige Gees. Sodat, wanneer ons Jesus Christ as Here en Verlosser ken, dan ken ons die Vader ook.

Mag die liefde, genade en inwoning van God, Vader, Seun en Heilige Gees, met jou wees.